basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**2018**

**VRYSTAAT**

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 31 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40) |
| AFDELING D: | Letterkunde | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |
| AFDELING D: | 30 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die artikel (TEKS A) hieronder en beantwoord die vrae.


### TEKS A

**DIE COMRADES-MARATHON**

1 Het jy geweet die Comrades-marathon is die wêreld se grootste en oudste ultramarathon? Atlete moet die ongeveer 89 kilometer binne 12 uur voltooi. Hierdie ultramarathon vind jaarliks in Mei of Junie plaas.

2 Die primêre doel van die Comrades is om mense se uithouvermoë[1] onder moeilike omstandighede te vier. Hierdie marathon was Vic Clapham se idee. Hy wou soldate, wat in die Eerste Wêreldoorlog gesterf het, gedenk.

3 Die Comrades word tussen Durban en Pietermaritzburg gehardloop. Op hierdie roete in KwaZulu-Natal is daar vyf bekende heuwels[2] waarlangs die atlete hardloop, soos byvoorbeeld Cowie's Hill en Polly Shortts.




4 Die rigting waarin die atlete hardloop, ruil elke jaar om. Die een jaar begin die atlete in Durban en hardloop 87 km "op" na Pietermaritzburg. Die volgende jaar begin die atlete in Pietermaritzburg en hardloop 89 km "af" na Durban.

5 Die Comrades is 'n taai wedloop. Dit kan atlete se gesondheid benadeel[3]. Daarom moet deelnemers aan sekere vereistes voldoen. Net atlete ouer as 20 jaar mag deelneem. Atlete moet ook vooraf 'n goedgekeurde marathon van 42,2 km voltooi om vir die Comrades te kwalifiseer.

6 Die eerste Comrades is op 24 Mei 1921 gehardloop. Net 16 van die 34 atlete wat begin het, het klaargemaak. Bill Rowan was die wenner. Sedert die eerste Comrades het meer as 300 000 hardlopers al hierdie ultramarathon voltooi.

7 Die Comrades Marathon word sedert 1948 volgens 'n spesifieke tradisie begin. In plaas van die gewone skoot wat klap, dui die nagemaakte kraai[4] van 'n hoenderhaan die begin van die wedloop aan.

8 Die Comrades is in 1975 vir alle atlete oopgestel. Dit beteken dat mans en vroue van alle rasse van toe af aan die wedloop kon deelneem.




9 Daar is 'n paar Suid-Afrikaners wat altyd vir hulle deelname aan die Comrades onthou sal word. Wally Hayward het die 1930-Comrades gewen. Daarna het hy dit nog 'n paar keer gewen. In 1989 het hy op 80-jarige ouderdom die oudste man geword om die Comrades te voltooi.

10 Bruce Fordyce was 'n student toe hy in 1981 die Comrades vir die eerste keer gewen het. Daarna het hy dit nog 8 keer gewen. Sam Tshabalala was die eerste swart wenner van die Comrades. In 1989 het Frith van der Merwe die bestaande vrouerekord mooi verbeter.

11 Alle atlete wat die wedloop binne 12 uur voltooi, ontvang medaljes. Die medalje wat 'n atleet kry, hang af van hoe lank hy/sy geneem het om die wedloop te voltooi. Daar is goue, silwer- en bronsmedaljes, asook medaljes wat na iemand vernoem is, bv. die Wally Hayward-medalje.

12 Daar is heelwat buitelanders wat ook aan die Comrades deelneem, veral omdat deelnemers vanaf 1995 groot geldpryse kan wen. Die Comrades het in 2010 'n plek in die *Guiness World Records* gekry as die ultramarathon met die meeste deelnemers.

13 Die gees van die Comrades Marathon is groter as net hardloop en wen. Dit gaan meer oor harde werk, opoffering en uithouvermoë. Mense sien jaar na jaar hoe atlete mekaar help en oor die wenstreep dra – 'n duidelike bewys van ubuntu en kameraderie[5].



[Verwerk uit *Wikipedia*]

**Woordverklarings:**

1. uithouvermoë - *perseveranc*e
2. heuwels - *hills*
3. gesondheid benadeel - *bad for your health*
4. nagemaakte kraai van 'n haan - *imitated crow of a cock*
5. kameraderie - *support for fellow runners*

1.1 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Die Comrades is 'n **ultra**marathon omdat dit 'n (gewone/buitengewone) wedloop is. (1)

1.2 Skryf EEN woord uit paragraaf 1 neer wat vir ons sê dat die Comrades elke jaar gehardloop word. (1)

1.3 Die eerste Comrades is op 24 Mei 1921 gehardloop.

1.3.1 Wie se idee was dit om 'n wedloop soos die Comrades te begin? (1)

1.3.2 Waarom wou hierdie persoon die Comrades begin? (1)

1.4 Waarom is die volgende stelling ONWAAR?

Atlete wat die Comrades hardloop, kan so lank hardloop as wat hulle wil om die wedloop te voltooi. (1)

1.5 Die Comrades strek oor 'n afstand van ongeveer 89 kilometer.

1.5.1 In watter provinsie in Suid-Afrika word die Comrades gehardloop? (1)

1.5.2 Noem EEN van die bekende heuwels op die Comradesroete wat in hierdie teks genoem word. (1)

1.6 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE naam van die stad te skryf:

Die roete van (1.6.1) ... na (1.6.2) ... is die kortste roete. (2)

1.7 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die Comrades is 'n **taai** wedloop. (Reël 19)

In hierdie sin het "**taai**" 'n (letterlike/figuurlike) betekenis. (1)

1.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.8) en die letter (A–D) neer, bv. 1.8 E.

Atlete moet vooraf 'n goedgekeurde marathon van 42,2 km voltooi om vir die Comrades te kwalifiseer.

Dit is om seker te maak dat atlete ... genoeg is om aan die Comrades deel te neem.

A oud
B fiks
C hulpvaardig
D verantwoordelik (1)

1.9 Hoeveel atlete het die heel eerste Comrades voltooi? (1)

1.10 Die Comrades-marathon se begin word nie soos gewone marathons aangekondig nie.

Verduidelik in jou eie woorde hoe die begin van die Comrades VERSKIL van die begin van ander marathons. (2)

1.11 Waarom was 1975 'n belangrike jaar in die geskiedenis van die Comrades? (1)

1.12 Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.12.1 tot 1.12.4) neer, bv. 1.12.5 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.12.1 Bill Rowan | A ... was die eerste swart wenner van die Comrades. |
| 1.12.2 Wally Hayward | B ... het die eerste Comrades gewen. |
| 1.12.3 Sam Tshabalala | C ... is 'n buitelandse deelnemer. |
| 1.12.4 Frith van der Merwe | D ... het 'n bestaande rekord verbeter. |
| | E ... het bewys dat mense tot op 'n hoë ouderdom aan die Comrades kan deelneem. |

(4 x 1) (4)

1.13 Hoekom is dit gepas dat daar 'n medalje is wat na Wally Hayward vernoem is? (1)

1.14 Dink jy dit is reg dat Comrades-atlete groot bedrae geld kry as hulle wen? Motiveer jou antwoord. (1)

1.15 Nie alle atlete wat die Comrades begin, voltooi dit betyds nie.


1.15.1 Hoe sou jý **voel** as jy die Comrades nie betyds kon klaarmaak nie? Skryf EEN woord neer. (1)

1.15.2 Motiveer die gevoel wat jy by VRAAG 1.15.1 neergeskryf het. (1)

1.16 Watter les kan 'n mens uit die ubuntu-gees van die Comrades leer? (1)

**TEKS B: VISUELE TEKS**

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit *Grafika24*]

1.17 Waarom reis mense die meeste? (1)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die -simbool stel (sport/kultuur) voor. (1)

1.19 Voltooi die sin hieronder. Skryf net die vraagnommer (1.19) en die antwoord neer.

Die "**R**" in die  -simbool wys dat Suid-Afrikaners nie reis vir familiesake nie, maar vir sake wat met ... te doen het. (1)

1.20 Hoekom pas hierdie prent  by die grafiek? (1)

1.21 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.21) en die letter (A–D) neer, bv. 1.21 E.

Die doel van hierdie visuele teks is om ...

A aan te dui dat Suid-Afrikaners ver ry om te kom waar hulle wil wees.
B Suid-Afrikaners te waarsku dat dit baie duur is om te reis.
C aan te dui dat Suid-Afrikaners daarvan hou om te reis.
D te verduidelik waarom Suid-Afrikaners reis. (1)

1.22 Hoekom is dit makliker om die inhoud van hierdie teks in 'n grafiek te lees, as in 'n teks wat geskryf is? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: SÓ MAAK JY AS JY EERSTE BY 'N ONGELUK STILHOU

- Som in SEWE VOLSINNE op **WAT JY MOET DOEN AS JY EERSTE BY 'N ONGELUK STILHOU.**
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou EIE WOORDE neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

Hier is SEWE dinge wat jy moet doen as jy eerste by 'n ongeluk stilhou en sien dat daar mense beseer is.


Jou eie veiligheid is belangrik as jy beseerde mense by 'n ongeluk wil help. Moenie onverskillig wees nie. Parkeer jou motor op 'n veilige plek met die hoofligte aan.



Daar kan motors verbyjaag of petrol kan uitlek en brand. Maak dus die ongelukstoneel veilig. Plaas waarskuwingsdriehoeke 'n entjie van die ongeluk af om motoriste te waarsku.



Bel 'n ambulans vir hulp. Die ambulansman moet weet waar die ongeluk gebeur het. Hy moet ook weet hoeveel mense ernstig beseer is.



Die warm son kan beseerdes ongemaklik laat voel. Hulle sal ook onrustig wees as hulle nie weet dat hulp op pad is nie. Hou beseerdes dus kalm en gemaklik terwyl julle vir hulp wag.



Dalk is die motor in diep water of daar is brandstof wat uitlek. Net dán mag jy ernstig beseerde persone skuif. Jy sal verdere beserings veroorsaak as jy 'n persoon met rug- of nekbeserings skuif.



Mense wat geskok is, sal bewe of kla van naarheid. Hou hulle koel met hul bene effens in die lug.



Swaar bloeding kan 'n persoon se dood veroorsaak. Jy moet die wond met 'n skoon handdoek of kledingstuk toedruk.



[Verwerk uit *Huisgenoot.com*]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**




[Eie teks]

3.1 Skryf die onderstaande stelsin oor as 'n VRAAGSIN.

Jy is dors. (1)

3.2 Skryf die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies neer.

Langkloof Appelsap is die (lekker) appelsap wat 'n mens kan kry. (1)

3.3 Gee die INTENSIEWE VORM vir "vol". (1)

3.4 Skryf die sin oor in die BEDRYWENDE VORM.

Dit moet yskoud bedien word.

**Begin só:** Jy ... (1)

3.5 Kies die LEESTEKEN wat die beste by die onderstaande woord pas.

Hmmmm (./!) (1)

3.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.6) en die letter (A–D) neer, bv. 3.6 E.

Alle meisies sal van hierdie sap hou.

Hierdie sin is 'n voorbeeld van ...

A stereotipering.
B sarkasme.
C kontras.
D ironie. (1)

3.7 Is die volgende stelling 'n FEIT of 'n MENING?

Langkloof Appelsap is goeie waarde vir jou geld!

Motiveer jou antwoord. (1)

3.8 Noem EEN manier waarop die adverteerder visueel wys dat Langkloof Appelsap **suiwer** appelsap is. (1)

3.9 Gee EEN rede waarom die raampie van appels beter by hierdie advertensie pas as 'n gewone raampie. (1)

3.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.10) en die letter (A–D) neer, bv. 3.10 E.

Wat is die doel van hierdie advertensie? Dit is om die leser ...


A in te lig hoekom appelsap gesond is.
B teen Langkloof Appelsap te waarsku.
C oor verskillende tipes appelsap in te lig.
D te oorreed om Langkloof Appelsap te koop. (1)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die spotprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS E




[Verwerk uit *Die Burger,* 10 Februarie 2015]

4.1 Hoe weet ons dat die spotprent in 'n slaapkamer afspeel? (1)

4.2 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Pa en Ma het in die koerant gelees dat hulle (meer/minder) vir hul seun se studies gaan betaal. (1)

4.3 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

Pa sê: "Ons het besluit om jou nie meer universiteit toe te stuur nie."

**Begin só:** Pa sê dat hulle ... (1)

4.4 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Ons gaan jou liewer (elke maand) 'n salaris betaal. (1)

4.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.5) en die letter (A–D) neer, bv. 4.5 E.

Die jongman het uitgeroep: **"WAT!! REALLY?!"**
Hierdie uitroep dui aan dat die jongman ... was oor sy ouers se besluit.

A verras
B kwaad
C hartseer
D bekommerd (1)

4.6 Waaruit kan ons aflei dat die jongman nie baie netjies is nie? (1)

4.7 Gee die korrekte AFRIKAANS vir "**REALLY?!**" (1)

4.8 Gee die KORREKTE vorm (deelwoord) van die woord tussen hakies.

Die jongman se (stryk) klere hang netjies. (1)

4.9 Gee die korrekte VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Daar lê 'n kleinerige (mat) op die vloer. (1)

4.10 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Die jongman se ouers is ernstig oor die saak.

**Begin só:** Die jongman se ouers ... (1)
**[10]**

## VRAAG 5

5.1 Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F: LEESTEKS**

**WEES 'N GOEIE MAAT**

Daar is sekere dinge wat 'n (5.1.1) (mens/mense) moet doen as jy 'n goeie maat wil wees.

Doen aan ander mense wat jy wil hê hulle aan (5.1.2) (my/jou/jy) moet doen. Dit is nie mooi (5.1.3) (... van ander mense ... skinder) nie.

(5.1.4) Wees altyd vriendelik! (5.1.5) Niemand hou van 'n suurknol ...

Wys vir ander mense dat jy in hulle (5.1.6) (belangstel). Maak seker dat jy betyds opdaag (5.1.7) (vir/met/by) afsprake wat jy gemaak het.

Die (5.1.8) (baie) mense hou van iemand wat goeie maniere het.
(5.1.9) (Mense sal jou vermy.) (Jy is onbeskof).

Probeer altyd om ander mense te (5.1.10) (help/hulp) waar jy kan.

Kies jou (5.1.11) (woord) versigtig. Moenie dinge sê wat ander mense seermaak nie. Jy moet ook nie (5.1.12) (eerlik) teenoor ander mense wees nie. Dit mag daartoe (5.1.13) (ly/lei) dat jy maats verloor.

As jy 'n goeie maat is, sal ander mense graag (5.1.14) by jou wil kuier.

[Eie teks]

5.1.1 Kies die korrekte WOORD tussen hakies. (Reël 1) (1)

5.1.2 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies. (Reël 3) (1)

5.1.3 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sinsdeel oor. (Reël 4)

... van ander mense ... skinder (1)

5.1.4 Skryf die onderstaande sin oor soos aangedui.

Wees altyd vriendelik! (Reël 5)

**Begin só:** Jy moet ... (1)

5.1.5 Vul die ONTBREKENDE woord in. (Reël 5) (1)

5.1.6 Verdeel die woord "belangstel" in LETTERGREPE. (Reël 6) (1)

5.1.7 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies. (Reël 7) (1)

5.1.8 Gee die korrekte TRAP VAN VERGELYKING van "baie". (Reël 8) (1)

5.1.9 VERBIND die sinne hieronder met die woord tussen hakies. (Reël 9)

Mense sal jou vermy. Jy is onbeskof. (as)

**Begin só:** Mense sal ... (1)

5.1.10 Kies die korrekte WOORD tussen hakies. (Reël 10) (1)

5.1.11 Gee die MEERVOUD van "woord". (Reël 11) (1)


5.1.12 Gee die ANTONIEM van "eerlik". (Reël 12) (1)

5.1.13 Kies die korrekte WOORD tussen hakies. (Reël 13) (1)

5.1.14 Gebruik die woord "by" (reël 14) in 'n sin sodat dit 'n ANDER BETEKENIS het. (1)

5.2 Bestudeer die prent (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**




[Uit: www.googleimages.com]

Kies telkens die KORREKTE antwoord tussen hakies.

5.2.1 Die Noordwes, Noord-Kaap en Vrystaat is drie van die nege (provinsies/dorpe) van Suid-Afrika. (1)

5.2.2 Op die kaart kan ons sien dat die Noord-Kaap (kleiner/groter) as die Vrystaat is. (1)

5.2.3 In die Vrystaat kan ons die Sotho's se (tradisionele/tradisioneel) drag sien. (1)

5.2.4 In die Noord-Kaap het hulle baie (diamante/goud) uitgehaal. (1)

5.2.5 In die Oos-Kaap kry ons groot (renosters/olifante). (1)

5.2.6 Die Wes-Kaap spog met (Tafelberg/Tafel Berg). (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

Beantwoord NET die vraag oor die stories/drama wat jy behandel het, dit wil sê VRAAG 6 OF VRAAG 7 OF VRAAG 8.

**VRAAG 6: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

VERHAAL A: "DIE OOREENKOMS" (20) **EN** VERHAAL B: "DIE RAMP" (20)

**OF**

**VRAAG 7: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

VERHAAL A: "TANT NELIE SE VEERPLUIME" (20) **EN** VERHAAL B: "OPGANG" (20)

**OF**

**VRAAG 8: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

**VRAAG 6**

**VERHAAL A: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

En toe, na goed vyf jaar van saambly, gaan hulle die ooreenkoms aan. Dit was die aand nadat een van die oudste inwoners begrawe is.

***

... Die verlies van 'n bloedbroer kon nie vir hom swaarder gewees het nie en 'n oomblik het dit gevoel of sy eie tyd ook aangebreek het. Troos wou in sy gemoed nie kom nie, ...

***

"Liewe Here, vergewe my my sondes en sterk my teen die kwade. Sterk my in hierdie nag en bewaar my onder u vlerke ..."

***

"Willem, ek sal dit nie kan staan nie. Wyk, Willem, wyk!"

***

... Hy kan ou Andries vra om by hom te kom slaap, maar hoe sê een groot man vir 'n ander hy is bang ...? Dit sal soos 'n brand deur die plek wees en die hele ou spul op hol jaag.

6.1 Waar het Jakob en Willem saamgebly? Skryf die naam van die ouetehuis neer. (1)

6.2 Jakob en Willem het 'n ooreenkoms aangegaan.

Wat moes die een wat eerste sterf, doen om vir die ander een te wys dat daar lewe na die dood is? (1)

6.3 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

In reël 3 sê Jakob dat Willem se dood vir hom erger as die dood van 'n "bloedbroer" was.

Dit sê vir ons dat Jakob en Willem (goeie vriende/biologiese broers) was. (1)

6.4 Die verskillende karakters het nie dieselfde op Willem se dood gereageer nie.

Kies elke keer die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.4.1 tot 6.4.4) en neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.4.1 Matrone | A … was simpatiek en het probeer help. |
| 6.4.2 Die Bestuur | B … was ontroosbaar oor Willem se dood. |
| 6.4.3 Jakob | C … was kort en saaklik oor Willem se dood. |
| 6.4.4 Die ouetehuis se inwoners | D ... het seker gemaak dat Willem se familie weet dat hy dood is. |
| | E … moes seker maak dat alle kamers ten volle bewoon is. |

(4 x 1) (4)

6.5 Noem TWEE dinge wat Jakob in die nag gedoen het omdat hy so bang was. (2)

6.6 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.6) en die ontbrekende woord neer.

| ontken; beklemtoon; verduidelik |
|---|

As Jakob die woord "wyk" herhaal (reël 8), is dit effektief, want so ... hy dat hy wil hê dat Willem van hom af moet wegbly. (1)

6.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.7) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.7 E.

"Dit sal **soos 'n brand** deur die plek wees en die hele ou spul op hol jaag." (Reël 10–11) Dit is 'n voorbeeld van ...

A 'n vergelyking.
B personifikasie.
C 'n metafoor.
D kontras. (1)

6.8 Dink jy dat dit Jakob sou help as hy sy vrees met een van die ander inwoners bespreek het?

Motiveer jou antwoord. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Dit voel of jy jou deur kan sluit, die halfbottel wat oor is voor jou mond kan sit en jou vergryp – totdat die duiwel in jou versuip is en die bang vir die verskriklike niks uit jou wyk. 3

6.9 Die dokter het aanbeveel dat Jakob en Willem saans voor ete whisky moes drink.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.10 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Jakob het getwyfel of daar enige lewe na die dood is.
- Willem het nie dadelik vir Jakob die teken kom gee nie.
- Toe Willem se horlosie halfses slaan, het die bottel gewoonweg oopgedraai.
- Toe Jakob vroeër as gewoonlik sy whisky wou drink, wou die bottel nie oopmaak nie. (4)

6.11 Om halfses het die bottel gewoonweg oopgedraai.

Hoekom kan ons sê dat ons Willem hier as 'n man van sy woord leer ken? (1)

6.12 Waarom is "Die ooreenkoms" 'n gepaste titel vir hierdie kortverhaal? (1)

6.13 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.13) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.13 E.

Die tema van hierdie kortverhaal is ...

A empatie.
B integriteit.
C broederliefde.
D eensaamheid. (1)

**EN**

**VERHAAL B: "DIE RAMP" – TT Cloete**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

"... Dalk het die bak so 'n stampie gekry, maar kyk, die motor het nog ligte en loop goed. Wat wil ons meer hê? Dis maar 'n nietige ongelukkie. Jammer vir die bokkie ... Daar is niks verkeerd nie. "

Die kinders slaap gou weer.

***

Die plan deug. Dis 'n klein, geel Mini-stasiewaentjie wat stilhou. Die bestuurder klim uit, hoor my aan, sê min, asof hy die vrede nie heeltemal vertrou nie, luister afgetrokke na my, lig met sy flits in die motor en sien die ander kinders.

***

"Meneer, ek sal alles moontlik vir jou doen."

***

Die ure gaan soos eeue verby.

6.14 Hoekom was die verteller se vrou nie saam met hom en die kinders in die motor nie? (1)

6.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.15) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.15 E.

Wat was die gevolg van die **"nietige ongelukkie"** (reël 2) vir die verteller?

A Al die kinders het begin huil.
B Die verteller was verplig om langs die pad te stop.
C Die verteller moes die dooie bokkie uit die pad sleep.
D Die bakwerk van die verteller se motor was erg beskadig. (1)

6.16 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Uit reël 1-3 is dit duidelik dat die verteller sy kinders probeer (gerusstel/aan die slaap maak) het. (1)

6.17 "Meneer, ek sal alles moontlik vir jou doen." (Reël 8)

Noem TWEE dinge wat die weldoener gedoen het om die verteller te help. (2)

6.18 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.18) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| opgewonde; | haastig; | bang |

Dit het vir die verteller gevoel of die ure **"soos eeue"** (reël 9) verbygaan voordat die insleepmotor gekom het, want hy was ... om by die huis te kom. (1)

6.19 Die verskillende karakters het verskillend gereageer op alles wat daardie aand verkeerd geloop het.

Kies elke keer die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.19.1–6.19.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.19.1 | Die verteller | A | .... het nie tyd gehad om ander mense te help nie. |
| 6.19.2 | Die weldoener | B | ... het nie 'n keuse gehad nie en moes maar net help. |
| 6.19.3 | Die verteller se seun | C | ... het nie gedink dat soveel rampe hom kon tref nie. |
| 6.19.4 | Die bestuurder van die insleepmotor | D | ... het gekies om iemand anders te help. |
| | | E | ... het met tye onverantwoordelik opgetree. |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Uiteindelik is my motor aan die insleepmotor gehaak. Die dag wil al amper breek.
>
> ***
>
> Daar ry hy al, voor ons uit. Hy ry vinniger as ons, natuurlik, weg in die naderende daglig in.
>
> Die einde van die rampe is in sig. Die reën het opgehou.
>
> ***
>
> 'n Digte mis steek uit die see op. Dit is vir my moeilik om die pad te sien.

6.20 Waarheen moes die insleepmotor die verteller se motor sleep? (1)

6.21 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die verteller het besef dat die weldoener nie sonder sy bril kon bestuur nie.
- Die verteller het die weldoener se bril per ongeluk afgestamp.
- Die weldoener het in die Van Stadenspas verongeluk.
- Die weldoener se bril het in stukkies gebreek. (4)

6.22 Die weldoener het nie geld vir sy hulp ontvang nie omdat die verteller hom nie wou betaal nie.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.23 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.23) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.23 E.

Die "**ramp**" in die titel van hierdie kortverhaal verwys na die ...

A dood van die weldoener.
B swak weersomstandighede.
C steenbokkie wat raakgery is.
D kind wat baie siek geword het. (1)

6.24 Hoekom, dink jy, kan 'n mens sê dat die verteller nie goed voorbereid was vir die probleme wat hy op pad huis toe gekry het nie? (1)

6.25 Die verteller het sy oudste seuntjie saam met hom in die reën laat staan om motoriste te oorreed om te stop en hulle te help.

Hoe sou jy anders as die verteller opgetree het as jy in dieselfde situasie was? (1)

6.26 Dink jy die weldoener het reg opgetree toe hy in die nag stilgehou het om vreemde mense te help?

Motiveer jou antwoord. (1)
**[40]**

**OF**

## VRAAG 7

### VERHAAL A: "TANT NELIE SE VEERPLUIME" – Henriette Grové

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> ... Van ek myself ken, was Ursula maar daar. ... Ek het in die oggend haar boeke gedra. Die ander seuns het my daaroor geterg. Toe sê ek: "Bog met daardie nooi-storie. Ursa gee vir my elke dag een van tant Nelie se tertjies daarvoor, dis dié." Toe was hulle monde stil.
>
> ***
>
> Nee, Kittie kon bak. In ons hele kontrei was daar nie een meisie wat naby haar ou skoene gekom het nie. ... Maar nou was daar nog tant Nelie se veerpluime. Niemand kon hulle bak nie, net tant Nelie Maré, en dit was die resep wat sy soos goud weggesteek het.

7.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.1) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 7.1 E.

" ... en dit was die resep **wat sy soos goud** weggesteek het" (reël 7–8) is 'n voorbeeld van ...

A personifikasie.
B 'n vergelyking.
C 'n metafoor.
D kontras. (1)

7.2 Waar het tant Nelie haar resep vir die veerpluime weggesteek? (1)

7.3 Watter TWEE dinge het Peet probeer om Tant Nelie se resep in die hande te kry? (2)

7.4 Waarom sou Ursula rede gehad het om kwaad te wees vir Peet toe hy haar gevra het om hom te help? (1)

7.5 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (7.5) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| afraai; | beveel; | manipuleer |

Omdat Peet met Kittie wou trou, het Peet toegelaat dat Kittie hom ... om iets verkeerds te doen. (1)

7.6 In hierdie verhaal kry ons karakters met goeie bedoelings en karakters met verkeerde bedoelings.

Kies elke keer die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.6.1 tot 7.6.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.6.1 Peet | A … was trots, maar nie baie vriendelik nie. |
| 7.6.2 Ursula | B ... wou nie deel wees van ander se kinderagtige optrede nie. |
| 7.6.3 Tant Nelie | C ... het mense misbruik om 'n doel te bereik. |
| 7.6.4 Kittie | D ... se oë het betyds oopgegaan vir die waarheid. |
| | E ... sou ander mense ten alle koste help. |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> ... So het ons gestaan, half verslae, en nie een van ons het iets gemerk totdat tant Nelie in die deur gestaan het nie.
>
> Ursula het die sluier afgehaal. Toe staan sy op. En ek, ek het na tant Nelie gekyk. As ek ooit ellendig gevoel het, was dit toe, veral toe sy geen woord praat nie.

7.7 Waarom was tant Nelie daardie aand nie by die huis nie? (1)

7.8 Hoekom, dink jy, het tant Nelie eers nie 'n woord gepraat nie? (Reël 4) (1)

7.9 Uiteindelik het Peet die veerpluimresep met tant Nelie se toestemming vir Kittie gegee.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

7.10 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Kittie se veerpluime het perfek gelyk.
- Kittie was baie bly oor tant Nelie se resep.
- Peet het Kittie raakgesien vir wie sy werklik was.
- Peet het vir Kittie 'n groot vuur gemaak om die veerpluime te bak. (4)

7.11 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.11) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 7.11 E.

Watter les kan 'n mens uit hierdie kortverhaal leer?

A Liefde behoort nie gekoop te word nie.
B Iemand wat mooi van buite is, is ook altyd mooi van binne.
C Familieresepte mag met niemand anders gedeel word nie.
D 'n Mens moet altyd probeer om in kontak te bly met jou vriende. (1)

7.12 Dit was verkeerd van Peet en Ursula om tant Nelie se resepteboek te steel.

Stem jy saam? Motiveer jou antwoord. (1)

7.13 Peet het sleg gevoel oor wat hy en Ursula gedoen het. (Reël 4)

Hoe sluit dit by die slot van hierdie kortverhaal aan? (1)

**EN**

**VERHAAL B: "OPGANG" – Ina Rousseau**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

En het Hannetjie dan nie vandag rede om bly te wees nie?

Het haar man dan nie vir haar 'n naaimasjien gekoop nie?

Gister het hy dit van Welgemoed en Seun af gebring en nou staan dit op 'n tafeltjie in die sitkamer en blink in die groen oggendlig wat deur die toegetrekte gordyne syfer.

"Kyk, wat het ek hier!" het hy uitgeroep toe hy teen sononder by die huis aankom.

Op die kombuistafel het hy die kis neergesit, amper in 'n poel koffie wat Hannetjie in haar verstomming uitgestort het.

***

'n Oomblik het die masjien gelyk soos 'n astrante diertjie wat sy tande vir die kinders wys, gereed om te begin knor en byt.

***

Die hele aand het sy kort-kort na hom toe gegaan; ...

7.14 Wat is Hannetjie se man se naam? (1)

7.15 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (7.15) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| verjaardaggeskenk; | Kersgeskenk; | verrassing |

Hannetjie se nuwe naaimasjien was 'n ... . (1)

7.16 Noem TWEE redes waarom Hannetjie so opgewonde oor die nuwe naaimasjien was. (2)

7.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.17) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 7.17 E.

" 'n Oomblik het die masjien gelyk soos 'n **astrante diertjie** wat sy tande vir die kinders wys, **gereed om te begin knor en byt**." (Reël 8 en 9)

Dit was 'n ... vir die kinders om nie aan Hannetjie se masjien te vat nie.

A bevel
B opoffering
C waarskuwing
D aanmoediging (1)

7.18 Kies elke keer die dialoog uit KOLOM B wat by die karakter(s) se reaksie op die nuwe naaimasjien in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.18.1 tot 7.18.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.18.1 | Katrien se opgewondenheid | A | "'n Vrou sonder 'n masjien is 'n onding." |
| 7.18.2 | Die vriendinne se nuuskierigheid | B | "Ek sit hom vir jou in die sitkamer." |
| 7.18.3 | Lot se kritiek | C | "Kan ek 'n lappie gaan haal en voel hoe stik hy?" |
| 7.18.4 | Hannetjie se sarkasme | D | "Die kinders sê jy't 'n masjien gekry!" |
| | | E | "Maar jy moet versigtig werk met sy armpie en spoeletjie en naaldjie en tandjies." |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> ... Sy kan die masjien sommer opvreet, haar arms om sy nekkie slaan en hom teen haar vasdruk, so dol is sy oor hom, so dankbaar oor hy haar 'n vrou van aansien gemaak het.
> "Ek dink daar's iemand by jou agterdeur," sê Meisie. 4

7.19 Drien en Meisie was saam met Hannetjie bly oor Hannetjie se nuwe masjien.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

7.20 Wie was by Hannetjie se agterdeur? (1)

7.21 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Hannetjie het haar masjien vir die ander vrouens gewys.
- Hannetjie het vir Lot toegelaat om haar masjien te gebruik.
- Hannetjie se man het vir haar 'n splinternuwe masjien gekoop.
- Hannetjie het jare lank Lot se masjien gebruik om haar naaldwerk te doen. (4)

7.22 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.22) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 7.22 E.

Die tema van hierdie kortverhaal, wat ook met die titel verband hou, is ...

A jaloesie.
B vriendskap.
C vooruitgang.
D familiebande. (1)

7.23 Hannetjie het gevoel dat haar nuwe masjien van haar " 'n vrou van aansien" gemaak het.

Stem jy saam dat iets soos 'n naaimasjien van iemand 'n beter mens kan maak? Motiveer jou antwoord. (1)

7.24 Hoe weet ons dat Hannetjie 'n goeie man het? (1)

7.25 Hoekom, dink jy, het Hannetjie vir Lot toegelaat om op haar nuwe masjien te werk as Lot haar eie masjien gehad het? (1)

7.26 Hoekom moet 'n mens eerder nie aanhou om ander te help nie, maar hulle 'n kans gee om hulle self te help? (1)
**[40]**

**OF**

**VRAAG 8: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> *(Binki links op met 'n saal wat sy dra asof sy nie gewoond daaraan is nie. Sy drapeer die saal oor die boonste paal van die heining. Sy maak 'n bottel met leerolie oop, ruik daaraan en gril vir die inhoud. Sy begin om die olie aan die saal te smeer ...)*
>
> ***
>
> WILMA: Dis 'n seun, omtrent jou ouderdom. Hy gaan elke week kom. Hy gaan nie hier op die plaas bly soos jy nie. Jy moet hom maar 'n bietjie help. Dinge vir hom wys en so.
>
> BINKI: Ek?
>
> WILMA: Ja. Jy's mos nie meer bang vir die perde nie.
>
> BINKI: E … nie juis nie.
>
> WILMA: Nou staan dan nader. Vandag moet jy vir Lady Jane borsel. *(Binki gaan die stal so huiwerig binne dat …)*
>
> Onthou, sy weet wat jy dink.
>
> ***
>
> LUCKY: Jy't dan net ses contacts. Is dit 'n nuwe foon? *(Binki skud haar kop.)* Watse mens het net ses contacts? *(Lees.)* Hekwag. Noodnommer. Sabrina. Sabrina landlyn. Sabrina werk. Tannie Wilma. Wie's Sabrina?

8.1 Wat is die naam van die perdeplaas? (1)

8.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die vraagnommer (8.2) en die korrekte letter (A–D) neer, bv. 8.2 E.

Artikels soos die *saal,* die *heining* en die *leerolie* wat in reël 1–2 genoem word, ...

- A berei die leser voor vir die dinge wat met Lucky in die drama gebeur.
- B berei die leser voor op die dinge wat met die perde in die drama gebeur.
- C plaas die leser dadelik in die plek waar die drama afspeel.
- D verduidelik aan die leser hoe almal op die plaas saamwerk. (1)

8.3 Waarom het Binki op die plaas gebly en nie by haar ma nie? (1)

8.4 Lucky moes op die plaas werk as straf vir iets wat hy verkeerd gedoen het.

8.4.1 Wat het Lucky verkeerd gedoen? (1)

8.4.2 Hoeveel uur gemeenskapsdiens moes Lucky op die plaas doen? (1)

8.5 Kies die korrekte antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi. Skryf die vraagnommer (8.5) en die antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| skaam; | negatief; | vreemd |

Aan die begin was dit vir Binki moeilik om vir Lucky te wys hoe om dinge te doen omdat Lucky so … was. (1)

8.6 "*Binki gaan die stal so huiwerig binne ..."* (Reël 11)

Wat kan ons uit hierdie optrede van Binki aflei? (1)

8.7 "Onthou, sy weet wat jy dink." (Reël 12)

Hoe weet ons Wilma is reg as sy sê dat perde weet wat mense dink en voel?

Verwys in jou antwoord na hoe Binki teenoor Lady Jane opgetree het en wat Lady Jane se reaksie was. (2)

8.8 Hoekom verkies Sabrina dat Binki haar nie "Ma" noem nie? (1)

8.9 "Watse mens het net ses contacts?" (Reël 14)

Noem TWEE dinge wat Lucky op Binki se kontaklys verander het. (2)

8.10 Dink jy dit was reg van Lucky om Binki se kontaklys te verander? Motiveer jou antwoord. (1)

8.11 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Binki het glad nie 'n kontaknommer vir haar pa op haar foon gehad nie. Dit sê vir ons dat Binki (baie/min) kontak met haar pa het. (1)

8.12 Wilma het daarvan gehou dat Binki haar "Tannie Wilma" noem.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

8.13 Hoekom pas dit in hierdie drama dat Lucky van "*contacts*" praat en nie van 'n **kontaklys** nie? (1)

8.14 In hierdie drama is die perde se name gekies om by hulle te pas.

Kies elke keer die inligting uit KOLOM B om by die perd in KOLOM A te pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.14.1 tot 8.14.4) neer, bv. 8.14.5 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 8.14.1 Grace | A … was oulik en spelerig. |
| 8.14.2 Lady Jane | B … is na 'n sportspan vernoem. |
| 8.14.3 Kaizer | C … was kalm en mooi om na te kyk. |
| 8.14.4 Tinkerbelle | D … se naam het nie regtig gepas nie. |
| | E … was groot en trots, nes 'n koninklike. |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

LUCKY: Freaky. Nuwe lewe uit ou sh – mis.

WILMA: Julle stadskinders weet ook niks nie.

LUCKY: Ek's nie 'n stadskind nie. Ek en my ma bly ver uit die stad, maar by ons is daar nie grasperke en bome nie.

***

LUCKY: Ek en jy leef in verskillende wêrelde …

Shame, nè. Jou huis het afgebrand, maar toe gee die bank sommer weer vir julle 'n ander een. Is ek reg? Sure, jy is skaam en vrekbang vir perde en ander mense en vir jou ma ook, big deal, maar my hele lewe brand elke dag so bietjies-bietjies af.

***

*(Kaizer tree na vore en begin saam met Lucky in 'n sirkel te loop. Tinkerbelle val langs Binki in. Lady Jane wag tot Wilma uit die stoorkamer kom en saam loop hulle al ses in die rondte, al vinniger. In die hardloop trek Binki haar bloes uit sodat haar arms kaal is en sy hardloop ligvoets saam met die perde en Lucky en Wilma in die kring.)*

8.15 Wat het Wilma vir Lucky vertel wat hy as "Freaky" (reël 1) beskryf? (1)

8.16 "Freaky. Nuwe lewe uit ou sh – mis." (Reël 1)

Hoekom kan ons uit Lucky se woorde hierbo aflei dat sy houding besig was om te verbeter? (1)

8.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs vraagnommer (8.17) neer, bv. 8.17 E.

"Julle stadskinders weet ook niks nie." (Reël 2)

Hierdie woorde van Wilma is 'n voorbeeld van …

A gevoelstaal.
B manipulering.
C partydigheid.
D stereotipering. (1)

8.18 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Lucky sê vir Binki: "Ek en jy leef in verskillende wêrelde …" (Reël 5)

Dit beteken dat hulle (huise ver van mekaar af was/omstandighede nie dieselfde was nie). (1)

8.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs vraagnommer (8.19) neer, bv. 8.19 E.

"Shame, nè." (Reël 6)

Met hierdie woorde het Lucky probeer om … te wees.

A snaaks
B vriendelik
C simpatiek
D sarkasties (1)

8.20 Lucky het nie van ryk mense gehou nie. Watter lelike woord(e) het hy gereeld gebruik om na ryk mense te verwys? (1)

8.21 Binki-hulle se huis het heeltemal afgebrand.

Watter TWEE dinge het tydens die brand gebeur wat haar baie hartseer gemaak het? (2)

8.22 "Sure, jy is skaam ..." (Reël 7)

8.22.1 Waarvoor was Binki skaam? (1)

8.22.2 Hoe het sy dit vir ander mense probeer wegsteek? (1)

8.23 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

"… maar **my hele lewe brand** elke dag so **bietjies-bietjies af**." (Reël 8–9)

Dit is 'n voorbeeld van (letterlike/figuurlike) taalgebruik. (1)

8.24 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Lucky het die ses katjies in die visdam gaan verdrink.
- Lucky het uitgereken dat die katte soveel kos as wat sy ma in twee maande by haar werkgewer verdien het.
- Lucky se ma het vir hom 'n koerantberig gewys van haar werkgewer en haar katte.
- Lucky moes eendag vir sy ma in haar werkgewer se tuin gaan wag. (4)

8.25 Uit die slot van hierdie drama lei ons af dat Binki as karakter verander het.

Motiveer hierdie stelling met TWEE voorbeelde uit die slot van die drama. (2)

8.26 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs vraagnommer (8.26) neer, bv. 8.26 E.

Die laaste toneel (reël 10–14) wys vir die lesers dat ...

A al die perde saam oefen.
B almal op die plaas van perde hou.
C die perde vir 'n kompetisie voorberei.
D daar harmonie en begrip vir mekaar is. (1)

8.27 Kies die korrekte antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi. Skryf die vraagnommer (8.27) en die antwoord neer.

| te vervoer; bang te maak; te help |
|---|

*Perdekrag* is 'n gepaste titel vir hierdie drama, want dit gaan oor perde wat hulle krag gebruik om mense ... (1)

8.28 "Jou huis het afgebrand, maar toe gee die bank sommer weer vir julle 'n ander een. Is ek reg? " (Reël 6–7)

Lucky was nie reg nie. Watter les kan ons hieruit leer? (1)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou